

# Antieke Gewere

VOLKSBLAD



Mnr. A.B.C. Human (regs), erekurator van die vuurwapenafdeling van die Nasionale Museum, het onlangs hierdie twee waardevolle gewere aan mnr. Riaan Badenhorst, (links) historikus van die Museum, oorhandig. Die twee gewere wat deur mnr. D.R. de Wet van Lindley (middel), 'n bekende versamelaar van vuurwapens, uit Amerika ingevoer is, is elk meer as 'n duisend rand werd. Die gewere wat albei uit die 17de eeu dateer, is die oudste in die Museum se besit. Hulle sal deel uitmaak van 'n nuwe uitstalling oor die ontwikkeling van vuurwapens deur die eeue.

Volgens mnr. Human is die Museum se versameling die volledigste van sy soort in die land.

Mnr. De Wet staan hier met die Moorse snaphaan, 'n vroeëre model van die pangeweer wat deur die Voortrekkers gebruik is, terwyl mnr. Human 'n Indiese lontgeweer, volgens die Turkse styl, vashou.

## DOCTORATE IN ENTOMOLOGY

AN entomologist of the staff of the National Museum, Dr Maria Corinta Ferreira Fontes de Melo Ferreira, world renowned expert on scarab beetles, author of 159 scientific papers, and former director of the Institute for Scientific Research in Moçambique, was recently awarded a doctorate in entomology by the University of Potchefstroom. For this, her second doctorate, she studied some 20 000 scarab beetles of the genus *Onitis*, prepared 997 drawings and wrote 700 typewritten pages, all in just over one year.

Both Dr Maria and her husband, Dr Rico Ferreira, who is also an expert on beetles, have been attached to the National Museum since 1976.



VOLKSBLAD

## NASIONALE PARKERAAD 50 JAAR

GEDURENDE 1976 het die Nasionale Parkeraad sy 50ste verjaardag gevier en onder andere 'n spoguitstalling aangebied tydens die Pretoriase Nywerheidskou. Die Nasionale Museum is trots daarop dat hy veselglasreplikas van 'n seekoeima en haar kalfie asook 'n 4,4-meter lange krokodil vir gebruik in die uitstalling beskikbaar kon stel.

Gipsafdrukke van hierdie diere is gedurende 1973 met vriendelike vergunning van die Parkeraad deur museum personeel te Skukuza gemaak. Ná terugkeer in Bloemfontein is daar in die kunsafdeling veselglasreplikas uit die gipsafdrukke gemaak.



NAS. PARKERAAD